1993



# POLITIEKE MAGSGROEPE EN DIE INVLOED DAARVAN OP DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE [1)]

S J Terreblanche

Power grows out of the barrel of a gun.
- Mao Tse-Tung

Money talks.
- Anoniem

Knowledge itself is power.
- Francis Bacon

Power is the name of the game. Power is the name of the problem.
- Anoniem.

## 1. MAG EN DIE IDEOLOGIESE REGVERDIGING DAARVAN

Op 3 Februarie was dit 33 jaar dat Harold MacMillan sy winde van verandering-toespraak in die Parlement in Kaapstad gehou het. Dr. Verwoerd het hom onmiddellik met kragdadigheid teengespreek. Vir dertigjaar het ons daardie demokratiese winde met slim idelogiese argumente probeer teëhou omtrent soos iemand die Vaalrivier in vloed met sy kaal hande probeer teëhou. Op 2 Febbruarie 1990 het Mnr. F.W. de Klerk die onvermydelikheid van MacMillan se voorspellinge oor Uhuru amptelik erken - dertig jaar te laat.

Net mooi 505 jaar gelede - in Januarie 1488 - het ´n Swart Suid-Ooster Bartolomeu Dias gedwing om sy karvelle die oop see in te laveer. Hy het Tafelberg eers op sy terugvaart gesien. Hy het toe heel gepas by die Portugese koning aanbeveel dat hierdie land die Kaap van Storms gedoop moes word. Die Koning het besef dat só ´n naam die matrose sou afskrik en het toe op die ideologies en propagandisties mooi-klinkende naam van Kaap die Goeie Hoop besluit.

1) Voordrag gelewer by die Landbou-vooruitskouingskonferensie in Pretoria op Vrydag 26 Februarie 1993.



Ná meer as 500 jaar is die vraag oor watter soort Kaap die Kaap nou eintlik is, nog nie finaal uitgemaak nie.

As ´n boerseun weet ek dat die heil van die landbou-bedryf afhang van die regte winde en dat ´n boer hom nie durf verneuk om ´n wind aan te sien vir iets wat dit nie is nie. Juis daarom is dit nogal ´n magtige ironie dat die blankes hulle in hierdie land al telke kere deur vreemde ideologiese winde van koers laat waai het, terwyl hulle hulleself ook dikwels self bedrieg het deur te dink dat as hulle ´n sekere ideologiese wind net sterk genoeg kan aanblaas, hulle die Suid-Afrikaanse werklikheid na hulle sin kan buig.

Die geskiedenis van hierdie "wye en droewe land" van ons kan - en word ook - op baie maniere vertel. Die mooi "wit" verhaal van Christelike en Westerse beskawingsontwikkeling tot die heil van almal wat op skool aan ons vertel is, is nie juis die mees waarheidsgetroue weergawe daarvan nie. Indien ons die 340 jaar sedert Van Riebeeck eerder interpreteer as ´n onverkwiklike verhaal van onderlinge groepsbotsing waar elkeen van die redelik goedgedefinieerde etniese, kleur, taal en kultuurgroepe hulleself probeer verryk het deur een of meer van die ander groepe te plunder, is ons dalk nader aan die waarheid. Daardie groep of groepe wat in die voortslepende groepbotsings oor militêre, politieke, en/of ekonomiese MAG beskik het én hulle MAG berekend vir groepsvoordeel gebruik én misbruik het, het daarin geslaag om vir redelike lang tye aan die wenkant in die plundering van ander groepe te wees. Hierdie relatief sterker en beter georganiseerde groepe kon op die ou end spog met ekonomiese sukses en groter relatiewe rykdom. Die groepe wat ekonomiese sukses bepaal het, het welliswaar meesal ook oor groter vaardighede en vindingrykheid beskik en redelike hardwerkendheid aan die dag gelê. Nogtans het die groter MAG waaroor die betrokke groepe beskik het en die gebruik (en selfs misbruik) wat hulle daarvan gemaak het, telkens ´n deurslaggewende rol gespeel in die ekonomiese sukses wat deur die betrokke groep(e) behaal is.

Gedurende die eerste honderd jaar ná die koms van Van Riebeeck, het die koloniste die Khoisan se weiveld afgevat en die Khoi-San het in weerwraak die koloniste se beeste gesteel en die strafkommando wat die vee in Namakwaland gaan terughaal het, was eintlik niks anders as ´n plunderkommando nie. ´n Mens het seker rede om te wonder of the

koloniale uitbuiting waaraan die koloniste uit die Protestante Holland en die Hugenote hulle skuldig gemaak het, nie hulle Christelike gewete aangespreek het nie. Klaarblyklik nie. Die Koloniste het ʹn gerieflike ideologiese regverdiging gehad. Van die 16de tot die 18de eeu was die heersende ekonomiese ideologie in Wes-Europa die Merkantilisme waarvolgens die ekonomiese verhouding tussen lande as ʹn zerosomspel beskou is. Een land het ryk geword (of sy goudvoorraad vermeerder) ten koste van ʹn ander land. Gedurende die 80-jarige oorlog het ons Hollandse voorvaders ryk geword danksy "Wins op het Vyand". Die wyse waarop Piet Hein die plundering van die Spaanse Silwervloot besing het, het deel van ons geestelike en kulturêle erfenis geword.

Hierdie idee dat een land homself kan verryk ten koste van ʹn ander - of een groep ten koste van ʹn ander - was diep gegraveer in die ideologiese bewussyn van bykans alle blankes wat van Europa na hierdie land gekom het. Dit was só diep gegraveer dat dit selfs vandag nog deel uitmaak van die ideologiese ingesteldheid by baie blankes. Gedurende die Verligting aan die einde van die 18de eeu het Adam Smith aangetoon dat internasionale handel onder sekere voorwaardes tot die gelyktydige voordeel van alle deelnemende lande kan wees en dat onder sekere baie streng voorwaardes omsigtige eiebelang ook tot die voordeel van die geheel kan strek. Maar helaas, die ware Adam Smith en die boodskap van die Verligting het blanke Suid-Afrika nooit so volledig bereik dat dit die Merkantilistiese vooroordeel kan wegveeg nie. In vele opsigte staan die blankes in hulle denkraamwerk nog in die denkwêreld wat die Verligting voorafgegaan het!

In die tweede helfte van die 19de eeu is ons ideologies oordonder deur die Victoriaanse Imperialisme wat op Ricardo se idees (van homo oeconomicus en onbuigbare ekonomiese wetmatigheid) gebaseer was én op die brute selfsug of Darwinisme wat Herbert Spencer verkondig het. In die naam van Hollandse Merkantilisme - versterk deur Viktoriaanse Imperialisme en Britse meerderwaardigheid - is die heersende ekonomiese ideologie wat in blanke kringe in Suid-Afrika ingeburger geraak het, die idee van die groepsplundering en die zerosomspel! Ons is nie alleen ʹn produk van kolonialisme en imperialisme nie. Ons het die ideologie van kolonialisme en imperialisme as slagspreuke



aanvaar om die chroniese onderlinge "oorloggies" tussen die binnelandse groepe ideologies te vergoelik.

Die konsentrasie van MAG in die hande van elite en/of magsgroepe - hetsy militêre, politieke, ekonomiese en/of simboliese magsgroepe - kan maklik tot magsmisbruik aanleiding gee as dit nie deur demokratiese prosedures of deur die kritiese ingesteldheid van ʹn oop gemeenskap aan voortdurende kontrole en skrutinering blootgestel word nie. Die misbruik van mag vir groepsbevoordeling ten koste van die algemene belang is nie ʹn mooi ding nie. Die geskiedenis leer ons dat daardie elite groepe wat oor mag beskik en dit vir selektiewe bevoordeling misbruik word, dit telkens noodsaaklik vind om een of ander ideologiese regverdiging vir hulle besit en gebruik van MAG aan te voer. Wanneer MAG of Kratos (ongeag of dit militêre, politieke of ekonomiese mag is) misbruik word en in al sy naaktheid voor ons staan, slaan sy (kom ons aanvaar maar dat sy vroulik is) geensins ʹn mooi figuur nie. Inteendeel. Sy kan ʹn aaklige figuur blyk te wees. As Kratos haar MAG en die voordele wat dit inhou, wil behou, is dit noodsaaklik dat die maghebbers haar in ʹn mooi ideologiese rok sal tooi en haar verdienstes op allerhande maniere sal besing. Dit loop soos ʹn goue draad deur die geskiedenis dat die maghebbende groepe die MAG waaroor hulle beskik - veral as hulle dit vir groepsbevoordeling misbruik het - noodwendig met mooiklinkende ideologiese argumente moes probeer vergoelik. Die soort ideologiese argumente wat deur die magshebbers gewoonlik vir dié doel aangevoer word, probeer die res van die gemeenskap oortuig dat hulle Mag en/of Rykdom *indirek* en ten minste oor die langtermyn óók tot die voordeel van die gemeenskap as geheel sal strek.[2)]

2) Hierdie ideologiese aanspraak is dikwels nie waar nie. Macrides beweer tereg dat "ideology often becomes ... a powerful instrument of manipulation. Usually in times of social distress and anxiety, or when society seems divided into warring groups ... simple propositions and promises ... fall upon receptive ears and minds. The demagogue, the leader, the self-professed savior is lurking somewhere in all societies in such times to spread his or her message and to manipulate those who seem to have nowhere to turn".

## 2. <u>GROEPBOTSINGS IN DIE BRITSE EN ENGELSE TYDPERKE</u> (1970-1910 en 1910-1950)

In Suid-Afrika se onverkwiklike geskiedenis van voortslepende groepbotsings was die misbruik van MAG en die Ideologiese regverdiging daarvan telkens die twee onskeibare karperde wat saam-saam die ridderlike koets van die blanke bevoorregting op sy voorspoedtog getrek het - veral gedurende die afgelope 120 jaar.

Ons kan die 120 jaar van 1870 tot 1990 as Suid-Afrika se tydperk van modernisering beskou. Ons kan hierdie 120 jaar in drie tydperke van 40 jaar elk indeel en dit as die <u>Britse</u>, die <u>Engelse</u> en die <u>Afrikaner</u> tydperke beskryf na aanleiding van die groep wat in die magspel agtereenvolgens aan die wenkant was en hulleself ten koste van ander groepe verryk het.

In die Britse periode is die Swartoorloë afgerond en is die Afrikaners in die Anglo-Boere-oorlog tot onderdanigheid gedwing.[3)] In ooreenstemming met die uiters hooghartige Victoriaanse veroweringsideologie het die Britte dit as vanselfsprekend aanvaar dat hulle 'n God-verkore ras was om oor mindere rasse te heers.

Van 1910 tot ± 1950 het die plaaslike Engelse Establishment (gerugsteun deur kapitaal en ideologiese propaganda wat Moeder Engeland voorsien het), in 'n merkwaardige posisie van ekonomiese, politieke en kulturele mag en oorheersing verkeer. Teen 1950 het hierdie Engelse Establishment (met die Kamer van Mynwese as sy ideologiese en organisatoriese kern) nog byna 90 persent van alle ekonomiese bedrywighede buite die openbare sektor en buite die landbousektor beheer. Op daardie tydstip van die per capita-inkome

---

3) In die tydperk van 1820 tot 1870 het die stryd om ekonomiese en politieke hegemonie tussen die Afrikaners en die Britte enersyds en die Swartes (hoofsaaklik die Xhosas en die Zulus) andersyds, gewoed. In sy pogings om die Swartmense tot onderdanigheid te dwing met wapengeweld het die Afrikaners - met enkele uitsonderings soos die Slag van Bloedrivier - nie te waffers gevaar nie. Oor een ding hoef ons nie te twyfel nie. Die weerstand van die Xhosas en die Zulus sou nie gebreek kon word en hulle sou nie aan onderdanigheid en uitbuiting onderwerp kon word sonder die Britse soldate en hulle baie doeltreffende wapentuig op 'n stadium toe Brittanje met groot ideologiese selfversekerdheid op die toppunt van sy imperiale mag was nie.



van Engelssprekende blankes meer as twee keer hoër as dié van die Afrikaanssprekende blankes. Met die uitsondering van nege van die eerste 38 jaar, het hierdie Establishment ook 'n leidende rol in die regering van die Unie gespeel. As die draers van die Victoriaanse ideologie van Laissez-faire Kapitalisme het die Engelse Establishment dit as byna vanselfsprekend aanvaar dat die Afrikaners en die anderskleuriges vanweë hulle (beweerde aangebore) swakhede nie die ekonomiese mas kon opkom nie en dat die armoede waarin hulle versonke geraak het eintlik die natuurlike gevolg van hulle inherente swakhede was. Dit was Victoriaanse Darwinisme op sy ergste.

## 3. <u>GROEPBOTSINGS EN DIE IDEOLOGIESE REGVERDIGING DAARVAN IN DIE AFRIKANERTYDPERK</u> (1950 - 1990)

Die argumente wat die Afrikaner Establishment oor die afgelope 45 jaar aangevoer het om sy eie <u>begunstiging</u> ten koste van alle ander groepe te probeer rasionaliseer, het uiteindelik die vorm van verskeie ideologieë aangeneem. Van 1948 tot 1960 is 'n soort sosialistiese welsynstaat-cum-apartheid ingestel ter wille van die opheffing van die verontregte en verarmde Afrikaners met die uitdruklike doel om die beweerde onderdrukking deur Britse imperialisme en Engelse kapitalisme reg te stel. Enersyds moes die relatief arm en onderontwikkelde Afrikaners gekompenseer word vir die Brits-Engelse eeu van onreg en andersyds moes hulle verskans word teen die gevare wat die Swart massa vir die beskawing en die Christendom ingehou het.[4)] Gedurende die vyftigerjare het 'n meedoënlose magstryd oor politieke en ekonomiese hegenomie tussen die Afrikaner en Engelse Establishments gewoed.

Van 1960 tot 1975/76 is gepoog om die posisie van blanke mag en bevoorregting te regverdig in terme van die Verwoerdiaanse beleid van afsonderlike ontwikkeling en aparte vryheid aan elke volk in sy eie geografiese ruimte! Verskeie beleidsmaatreëls is geimplementeer om

---

4) Ter wille van die opheffing van die armblankes het die nuwe regering 'n drieledige beleid geimplimenteer: addisionele diskriminerende of apartheidsmaatreëls en onderdrukkende maatreëls is op die wetboek geplaas, die burokrasie is "verafrikaniseer" en vergroot, terwyl openbare korporasies gestig en uitgebrei is en 'n verskeidenheid van welsyn en/of herverdelingsprogramme (fiskale maatreëls) is gelanseer om die ekonomiese posisie van die Afrikaners te verbeter. Die bevolkingsgroepe ander as blank was aan die verloorkant.

´n "Blanke Ekonomie" - op die patroon van die ekonomieë in Westerse lande - aan die Suidpunt van Afrika uit te bou. Baie van hierdie beleidsmaatreëls was teen die grein van daardie soort ekonomiese logika wat van toepassing behoort te wees in ´n onderontwikkelde land (met ´n skaarste aan kapitaal en ´n oormaat van arbeid). In dié tydperk is ´n hoë ekonomiese groeikoers gehandhaaf en het die magstryd tussen die English en Afrikaner Establishements begin afneem, en het ´n snelle embourgeoisment van die Afrikaners plaasgevind.

Een van die belangrikste paradigma verskuiwings (ideologiese omwentelings) in hierdie eeu, het in die middel van die sewentigerjare plaasgevind. Die olie-krisis het die na-oorlogse "boom" in Westerse lande tot ´n einde gebring. Nà Spinola se staatsgreep in Portugal het die koloniale buffer aan die noordelike grense van Suid-Afrika en Suid-wes Afrika verkrummel. Alhoewel die ideologie van apartheid en afsonderlike ontwikkeling van meet af ernstig bevraagteken is - sowel binne- as buitelands - het die regering nie in ´n legitimiteitskrisis beland solank ´n hoë groeikoers gehandhaaf is en Suid-Afrika ´n "moving concern" was nie. Maar vanweë die daling in die groeikoers, en vanweë die wêreldwye negatiewe reaksie wat op die abortiewe inval in Angola (1975) en op die Soweto-onluste (1976) gevolg het, het die NP-regering aan die einde van die sewentigerjare in ´n ernstige legitimiteitskrisis beland. Dit het toe nodig geword om die ideologie van Afsonderlike Ontwikkeling te onderskraag met ´n addisionele ideologie, nl. die behoefte aan ´n Totale Strategie teen die (beweerde) Totale Aanslag wat ´n vreemde (onChristelike) bestel met behulp van die frontliniestate teen Suid-Afrika geloots het en wat daarop bereken sou wees om die blanke, die Christelike, die Westerse en die kapitalistiese bestel hier te beëindig. Danksy die houding wat Reagan en Thatcher destyds ingeneem het, is die beleid en die ideologie van "Totale Strategie" deur Westerse lande aanvaar sonder dat hulle op die beëindiging van die beleid en ideologie van Afsonderlike Ontwikkeling aangedring het.

Die aanvaarding van die Totale Strategie as legitimeringsideologie sonder dat die ideologie van Afsonderlike Ontwikkeling prysgegee is, het in die tagtigerjare - te midde van groeiende buitelandse isolasie en binnelandse opstand - tot allerhande teenstrydige beleidsmaatreëls gelei. Enersyds is pseudo-hervormingsmaatreëls aangepak en toegewings aan anderkleuriges gemaak om hulle "hearts and minds" te probeer wen. Die beste voorbeeld hiervan is die instelling van die Driekamer Parlement as ´n poging om die Kleurlinge en Indiërs by die "stelsel" te koöpteer. Besteding op swart onderwys en stedelike ontwikkeling is verhoog en swartlone is verhoog om die guns van die stedelike swartelite te probeer wen. Intussen is die voordele wat tot die beskikking van die Tuislandleiers gestel was, gehandhaaf en selfs verbeter. Terselfdertyd is die onderdrukkende maatreëls teen daardie swartes wat die "wet en orde" bedreig het, baie verskerp. Toe die teenstrydige kombinasie van "hervorming en onderdrukking" nie die gewensde resultate gelewer het nie, het die Botha-regering in die tweede helfte van die tagtigerjare sy belangstelling in hervorming verloor en volledig sy toevlug tot onderdrukkende maatreëls geneem. Verskeie noodtoestande is afgekondig en ´n groot getal Swart Bewussyn-organisasies is verban.



Die tagtigerjare staan dus in die teken van ´n dubbele ideologie - Afsonderlike Ontwikkeling én Totale Strategie. Dit het besonder hoë eise aan die ekonomie gestel in ´n tydperk wat ´n daling in die reële per capita-inhoud ervaar is. Vanaf 1983 het die UDF die gesag van die bestel ernstig begin uitdaag. Hierdie binnelandse "aanslag" het ook onvoorsiene eise aan die ekonomie gestel. Aan die einde van die tagtigerjare is die ideologie van Afsonderlike Ontwikkeling (Verwoerdianisme) prysgegee toe die Een-nasie-staat-idee aanvaar is. Daarna was die Totale Strategie die enigste legitimeringsideologie. Maar op daardie stadium kon die land net met noodmaatreëls regeer word.

## 4. DIE NOUE KORRELASIE TUSSEN GROEPSMAG EN GROEPSBEVOORDELING

Figuur 1 gee ´n duidelike aanduiding van die noue korrelasie wat daar in die 20ste eeu tussen groepsmag en groepsbevoordeling bestaan het. Die per capita-inkome van die Engelssprekende blankes het van 1902 tot in 1948 in sowel absolute as relatiewe terme (d.w.s. relatief *vis-a-vis* alle ander groepe) gestyg. Die tydperk van 1934 tot 1973 was ´n tydperk van volgehoue hoë groei toe ´n groeikoers van gemiddeld 4 persent per jaar gehandhaaf is. In hierdie 40 jaar het die reële per capita-inkome van die bevolking as geheel met ± 2,5 persent per jaar gestyg. Toe was die styging van die reële per

FIGUUR 1

# RELATIEWE EN ABSOLUTE BEVOORDELING EN/OF BENADELING VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE SE EKONOMIESE POSISIE IN OPEENVOLGENDE TYDPERKE

| | ENGELSE | AFRIKANERS | ASIËRS | KLEURLINGE | SWARTES |
|---|---|---|---|---|---|
| 1902–1934 | WEN in Absolute en Relatiewe terme | VERLOOR in relatiewe terme en wen effens in absolute terme | VERLOOR in relatiewe terme maar WEN effens in absolute terme | VERLOOR in relatiewe terme maar wen effens in absolute terme | VERLOOR in relatiewe terme maar wen effens in absolute terme |
| 1934–1948 | WEN in Absolute en Relatiewe terme | Begin (veral vanaf 1940) om in relatiewe en absolute terme te wen | Verloor in relatiewe terme maar wen in absolute terme | Verloor in relatiewe terme maar wen in absolute terme | Verloor in relatiewe terme maar wen in absolute terme |
| 1948–1973 | WEN in absolute terme maar verloor in relatiewe terme | WEN baie in absolute én relatiewe terme | VERLOOR in relatiewe terme maar wen in absolute terme | VERLOOR in relatiewe terme maar wen in absolute terme | VERLOOR in relatiewe terme maar wen in absolute terme |
| 1973–1992 | VERLOOR in absolute en relatiewe terme | VERLOOR in absolute en relatiewe terme | WEN in relatiewe en absolute terme | WEN in relatiewe en absolute terme | "IN": WEN in relatiewe en absolute terme; "OUT": WEN in relatiewe en absolute terme |



capita-inkome hoog genoeg om die zero-somspel in 'n positiewe somspel te verander. Vanweë die ongelyke magsverspreiding tussen die groepe, het dit ongelukkig nie gebeur nie. Van ±1940 tot 1948 het die Afrikaanssprekende blankes se absolute én relatiewe inkome (*vis-a-vis* anderskleurige groepe) matig begin styg. Van 1948 tot 1973 het die Afrikaanssprekendes se absolute én relatiewe inkome (relatief tot alle ander groepe) dramaties gestyg en het die relatiewe posisie van die Engelse *vis-a-vis* die Afrikaners verswak. Wat die anderskleurige groepe betref, het hulle absolute inkome van 1902 tot 1948 matig gestyg maar hulle relatiewe posisie het tot 1948 *vis-a-vis* die Engelse verswak en van 1948 tot 1973 *vis-a-vis* die Afrikaners.

Vanaf 1973 tot 1992 het die reële per capita met ongeveer 0,7 persent per jaar gedaal. Sedert 1974 verkeer Suid-Afrika in 'n posisie van kruipende armoede. Merkwaardig genoeg het die absolute én die relatiewe posisie van sê 75 persent van die Kleurlinge en die Asiërs en sê 50 persent van die Swartes verbeter in verhouding tot dié van die blankes. In hierdie tyd het die absolute en die relatiewe posisie van die blankes en die sg. Swart "outsiders" verswak *vis-a-vis* die res van die bevolking. Die verbetering van die Kleurlinge, Asiërs en Swart "insiders" se posisie *vis-a-vis* die blankes kon in die kwynende ekonomie net gebeur ten koste van ander groepe. (Dit moet betreur word dat die Swart "outsiders" se relatiewe en absolute posisie in hierdie tyd verder verswak het).

Die feit dat die relatiewe posisie van die blankes *vis-a-vis* 'n groot deel van die anderskleuriges verswak het sedert 1974, is eweseer merkwaardig indien mens daarmee rekening hou dat die politieke mag in hierdie tyd steeds in blanke hande saamgetrek was. Al verklaring wat ons hiervoor kan word, is dat vanweë die Durbanse staking (1972), Soweto (1976), die arbeidswetgewing (1979), die stigting van die UDF (1983) en die voortslepende onluste in die tagtigerjare, redelik groot bedingingsmag (of "street power") in die hande van die Swartes gekom het. Hoewel hierdie mag nognie geformaliseer en geinstitusionaliseer is nie, het dit tog die verdeling van groepsvoordele op 'n betekenisvolle manier beïnvloed.

## 5. DIE BEDINGINGSMAG VAN DIE BOERDERYGEMEENSKAP AS 'N SUBGROEP

Dit is seker nodig dat ons iets oor die posisie van die blanke landbousektor in veral die somerreënvalstreek sal sê. Die boere is so 'n goedgeorganiseerde en duidelik geïdentifiseerde subgroep van die blanke groepe dat hulle rol in die mag- en ideologiese spel redelik duidelik geïdentifiseer kan word. Toe die koloniale owerhede in die Britse tydperk (1870 - 1910) die inisiatief vir die kommersialisering van die landbousektor geneem het, het die koloniale owerhede 'n belangrike rol gespeel in die konsolidering en in die "privatisering" van landbougrond in die hande van blanke grondeienaars.[5]

Met Uniewording in 1910 het die boerderygemeenskap 'n belangrike deel van die elite-kartel (wat toe die land regeer het) gevorm. Ten spyte van skerp botsings wat periodiek tussen Afrikaner landboubelange en Engelse mynboubelange in die Engelse tydperk (1910 - ±1950) ontstaan het, het die landbou 'n belangrike magsfaktor in hierdie tyd gebly. Die bedoeling van die Land Act (1913) (en die daarmee gepaardgaande verskerping van die paswette en die optrede teen plakkery) was om goedkoop Swartarbeid (in 'n redelik onderdanige vorm) aan die landbousektor beskikbaar te stel. Selfs die beskikbaarheid van groot hoeveelhede buitengewoon goedkoop Swartarbeid kon nie voorkom dat baie klein boere bankrot gespeel en die Armblanke vraagstuk ontstaan het nie. Aan die einde van die dertigerjare het die boerdery-drukgroep die regering oortuig dat goedkoop arbeid nie 'n voldoende voorwaarde vir ekonomies-suksesvolle boerdery is nie en dat die bemarking van landbouprodukte óók beheer moet word en dat landboupryse ook gesubsideer moes word.

Ná die bewindsaanvaarding van die NP in 1948 het die relatiewe mag- en bedingingsposisie van die landbousektor verder toegeneem. Van 1948 tot 1977 is die landboubedryf op 'n veelheid van maniere gepamperlang en het die netto bates en die lewenstandaarde van die boerdery-gemeenskap skerp gestyg. Ná Sharpville het die owerheidsbesteding op Onderwys (en veral Swart-onderwys) en op

5) Vgl. in hierdie verband Don O'Mera, *Volkskapitalisme*. Ravan Press, Johannesburg, 1983, hoofstuk 1.



Verdediging skerp gestyg.[6] Vanweë hierdie skerp toename van besteding op Onderwys en Verdediging kan die owerheid klaarblyklik nie sy relatief hoë besteding op Landbou handhaaf nie.[7] Ná die skeuring van die NP en die stigting van die KP in 1982, het die boerdery-gemeenskap nie meer so 'n belangrike deel van die elite-kartel gevorm soos voorheen nie, en het hulle bedingingsmag (in die kwynende ekonomie) baie kleiner geword as wat dit voorheen was.

In welke mate die landbousektor van 1948 tot 1977 meer as hulle geoorloofde deel gekry het vanweë 'n te groot bedingingsmag en ná 1977 minder as hulle deel kry vanweë 'n te klein bedingingsmag, is moeilik bepaalbaar. Hoe bepaal 'n mens (of 'n ekonoom) in elk geval 'n groep se geoorloofde aandeel - veral in die abnormale omstandighede wat nog altyd in hierdie land bestaan het?

## 6. 2 FEBRUARIE 1990 : DIE OORSAKE EN IMPLIKASIES DAARVAN

In 1989 het 'n groot ommeswaai in die internasionale verhouding tussen die Demokratiese Weste (met kapitalistiese ekonomieë) en die Kommunistiese blok (met bevelekonomieë) ingetree. Vanweë die beëindiging van die Koue Oorlog was dit nie langer moontlik om die apartheidsbestel in terme van die ideologie en beleid van die Totale Strategie te probeer legitimeer nie. Onder druk van Westerse lande (hoofsaaklik in die persoon van Mev Thatcher) en met die samewerking van verskeie multi-nasionale korporasies het Mnr De Klerk op 2 Februarie 1990 sy groot beleidsverandering aangekondig. Hierdie beleidsverandering was 'n berekende poging van die NP-regering om 'n nuwe legitimeringsideologie te vind in sy bereidwilligheid om te onderhandel met die Bevrydingsorganisasies oor 'n nuwe en "demokratiese" politieke bedeling.

Die De Klerk-regering het verskeie stappe geneem om 'n "ideologie van onderhandeling" te probeer vestig. Die beleid van Totale Strategie is aansienlik afgeskaal, apartheidswetgewing is afgeskaf sonder om die

6) Terwyl besteding op Onderwys as persentasie van die BBP van 1970-71 tot 1976/77 gemiddeld 1,3 persent was en op Verdediging 2,9 persent wat, het dit in die tydperk 1977/78 tot 1989/90 tot 3,1 persent en 4,1 persent respektiewelik gestyg.

7) Terwyl owerheidsbesteding op Landbou gemiddeld 1,4 persent van BBP per jaar was van 1970/71 - 1976/77, het dit gedaal na 0,8 persent van BBP in die tydperk 1977/78 - 1989/90.

apartheidsbestel (of die magstrukture waarop die blanke monopolie van politieke mag gebaseer is) af te takel. Die NP-regering handhaaf sedert 2 Februarie 1990 'n houding van "sweet reasonableness" om te onderhandel en 'n bereidwilligheid om na elke "ontsporing" daarvan wéér te begin onderhandel want "there is no Alternative" (DINA)!

Wat die De Klerk-regering betref, vind die DINA-onderhandelinge met die Bevrydingsorganisasies plaas met die (ideologiese) bedoeling (en onder die waan dat dit moontlik is) om 'n nuwe en "demokratiese" politieke bedeling te vestig waarin die magsposisie van die De Klerk-Establishment (sien hieronder) redelik ongeskonde gehandhaaf sal bly en waarin hierdie Establishment sy beheer oor die Burokratiese staat en die Korporatiewe sektor redelik onaangetas sal kan handhaaf. Kortom, die nuwe ideologie is een van groot bereidwilligheid om te onderhandel, sonder die bereidwilligheid om (ekonomiese en burokratiese) beheer prys te gee. Dit wat die De Klerk-regering homself ten doel stel, is egter nie haalbaar nie.

Nà die beleidsommeswaai van 2 Februarie 1990 is 'n baie hegte "Compact of Power" tussen die NP, die Burokrasie, die Korporatiewe sektor en die hoofstroom media gesmee. Hierdie "Compact of Power" berus op 'n hegte samewerkingsverhouding en 'n belange-vervlegting tussen "Power, Property, Privilege and Propaganda" - d.w.s. die Mag van die Burokratiese Staat, die Korporatiewe sektor wat die besit en gebruik van eiendom beheer, die NP-regering wat steeds gepriviligeer is om te regeer al het slegs 6,3 persent van die potensiële kieserskorps in 1989 vir die NP gestem en die propaganda-vermoë van die hoofstroom-Media. Ons moet nie aan hierdie "compact of power" dink as P + P + P + P = 4P nie maar as P x P x P x P = P4. Dit is 'n formidabele magsblok van "Power to the Power of Four". (Sien skema 1)

Die "onderhandelingsproses" wat in 1990 'n aanvang geneem het, het intussen ontplooi tot 'n skerp konfrontasie tussen die twee hoof "spelers". Aan die regterkant van die ideologiese spektrum staan die Bourgeoisie Establishment of die "Compact of Power" (P x P x P x P = $P^4$) waarby ander partye soos die DP, die IVP en selfs die KP hulle moontlik mettertyd kan skaar. Aan die linkerkant op die ideologiese spektrum staan die Bevrydingsorganisasies of die Alliansie tussen die ANC, SAKP en Cosatu, waarby PAC en Azapo en selfs die Arbeidsparty



SKEMA I

HUIDIGE STAND VAN SAKE

L — R

| Alliansie van Bevrydings-organisasies |
| --- |
| ANC |
| SAKP |
| COSATU |

| NP-regering | P |
| --- | --- |
| Burokratiese Staat | P |
| Korporatiewe sektor | P |
| Hoofstroom Media | P |

Alliansie van Bevrydings-organisasies

$P_1 + P_2 + P_3 \ldots\ldots P_n = 10{,}000{,}000P$?

"People's Power"

Die Bourgeoisie Establishment of "The Compact of Power"

$P \times P \times P \times P = P^4$

"Structural Power"

hulle waarskynlik mettertyd sal skaar. Die Establishment is besonder goed georganiseer en gestruktureer. Dit beskik oor "strukturele mag". Die Alliansie is organisatories nog redelik lomp en swak gestruktureer maar sy "people's power" - in sowel "street power" as "electoral power" - moet geensins onderskat word nie.

Die skerp polarisasie tussen die Establishment en die Alliansie verteenwoordig 'n ongelukkige stand van sake. Ken Owen skryf op 18 April 1992 in die Sunday Times: "There is not much ... to choose between the Nationalists and the ANC ... the one _clings_, the other _grabs_". Dit sou miskien meer korrek gewees het as hy beweer het dat die "Compact" "klou" en dat die Alliansie probeer om te "gryp".

Die geneigdheid van albei die hoofspelers om die onderhandelingsproses te sien as 'n "klou-gryp-situasie" waarin elkeen soveel as moontlik wil WEN, is 'n voortsetting van tradisionele groepbotsings. Die endemiese groepbotsings het nou gekulmineer in 'n botsing tussen twee direk opponerende magsblokke. Die onverkwiklike _zerosomspel_ neem nou die vorm aan van 'n kop-aan-kop botsing of "magstryd" tussen die Establishment en die Alliansie waar nie een van die twee magsblokke maklik "grond" gaan prysgee of by sy "constituency" die indruk wil wek dat die ander magsblok hom uitoorlê het nie.

Die propagandamedia van die De Klerk Establishment beweer reeds sedert 1990 dat ons 'n Nuwe Suid-Afrika moet skep waarin 'n WEN-WEN situasie sal bestaan. Die NP se slagspreuk van "_Magsdeling sonder oorheersing_" veronderstel ook dat 'n WEN-WEN-situasie moontlik is. Alhoewel dit vir baie (verwende) blankes baie pynlik gaan wees om die onvermydelike te aanvaar, het dit lankal tyd geword dat een en almal sal besef dat _'n WEN-WEN-situasie eenvoudig nie moontlik is in die eersvolgende sê 20 jaar nie._

Indien die blankes onvermydelik aan die VERLOORKANT gaan wees, ontstaan twee vrae: hoe groot gaan die "verlies" wees waarmee hulle verlief sal moet neem en hoe lank gaan dit aanhou? Sodra mens hierdie vrae begin vra, weerspieël dit 'n totaal ander gesindheid. Die onderhandelings moes van meet af oor die antwoorde op hierdie vrae gegaan het. In die laaste instansie sal die antwoorde op albei hierdie vrae afhang van die _samewerkingsverhouding_ wat as part en



deel van 'n nuwe bedeling bewerkstellig kan word. Dit gaan óók afhang van die steun wat ons van die buiteland gaan ontvang as ons 'n politieke "oplossing" gevind het en omstandighede geskep het wat bevorderlik is om buitelandse kapitaal na Suid-Afrika te lok.

## 7. _VAN POLARISASIE TOT SAMEWERKING IN 'N KONSTELLASIE VAN PLURALISTIESE MAGSGROEPE_

Die verhouding wat op die oomblik tussen die Alliansie en die Establishment bestaan, kan verglyk word met twee olifante wat in 'n magstryd oor hegemonie met mekaar gewikkel is. Daar bestaan 'n spreekwoord wat sê dat as twee olifante in Afrika met mekaar veg, hulle die grond so poeier trap dat dáár nooit weer gras sal groei nie. In die eeuelange groepbotsings en in die huidige magstryd tussen twee groot olifante (en 'n klomp kleintjies) het ons al so baie foute gemaak en die Afrika-grond onder ons voete letterlik en figuurlik reeds so verniel, dat ons waaragtig 'n ander soort _samelewingspatroon_ en 'n ander politieke bedeling vir hierdie land móét vind waar ons die groepbotsings (en die ideologieë waarop dit gebaseer was) so goed as moontlik sal uitfasseer.

As daar een ding is wat Suid-Afrika beslis nie langer kan bekostig nie, is dit 'n voortsetting van dié soort groepsbotsings en die twyfelaftige ideologiese regverdiging vir die selektiewe bevoordeling wat reeds vir meer as 300 jaar aan die gang is. Dit is totaal onaanvaarbaar dat 'n klein elite soos die Britte, die Engelse en die Afrikaners die politieke, ekonomiese en propagandawêreld so volledig gedomineer het soos wat agtereenvolgens in die afgelope 120 jaar gebeur het.

Ons het in Suid-Afrika 'n _geïntegreerde samelewingstruktuur_ nodig met voldoende dwarssnydende belange ("cross-cutting cleavages") wat die veelheid van middelpuntvlietende kragte kan saambind. Dit impliseer dat al die holruggeryde argumente rondom die (statutêre) verskansing van minderheidsgroepe se belange oorboord gegooi moet word. Wat voortaan voorrang behoort te geniet is die GEHEEL. Die vrae wat ons moet vra is die volgende: Hoe kan ons 'n _eenheidsgemeenskap_ in Suid-Afrika tot stand bring? Hoe kan ons die _groepbotsings_ en die onderlinge naywer tussen groepe beëindig? Hoe kan ons 'n regeringstelsel ontwerp wat nie op _magsdeling_ nie, maar op 'n

vrywillige samewerkingsverhouding gebaseer is? Hoe kan ons 'n inklusiewe Suid-Afrikaanse ideologie ontwikkel en propageer wat die Gesamentlik Belang, die Bonum Commune, die Sosiale Welvaart van al 40 miljoen Suid-Afrikaners as doelwit sal hê? Hoe kan ons die kleinlike seksionalisme en "groupism" - wat ons as die kanker van Suid-Afrika móét bestempel - transendeer? Kortom, hoe kan ons die groepgrypsug beëindig?

As ons 'n eenheidsgemeenskap en Suid-Afrikanisme wil bevorder, sal ons 'n eie Suid-Afrikaanse versie van die Amerikaanse "meltingpot" moet ervaar en dit met 'n eie "meltingpot ideology" moet onderskraag. As ons nie daarin gaan slaag om inklusief (in terme van die belange van àl 40 miljoen) te doen en te dink nie, en om konsekwent die belange van almal op die hart te dra nie, is daar geen hoop op daardie soort sosiale samehang te bewerkstellig waarsonder nóg die ekonomiese nóg die politieke bedrywighede kan slaag.

Sonder om onnodig politiek te praat, wil ek daarvoor pleit dat ons die groepbotsings en die stryd van die olifante sal probeer vervang met 'n samewerkingsverhouding - ten minste tussen die groepe wat 'n breë "middelgrond" kan vorm en wat desnoods sekere verregse en verlinkse groepe sal uitsluit. Ek wil pleit vir samewerking en nie vir magsdeling nie. Die soort magsdeling - en veral die idee van "magsdeling sonder oorheersing" - wat deur die NP voorgestaan word, is nie alleen 'n gevaarlike wanopvatting nie, maar is ook nie prakties haalbaar nie. "Magsdeling sonder oorheersing" is 'n abstrakte drogidee wat net bestaansreg in 'n Droomwêreld het. Só 'n idee het geen plek in die konkrete werklikheid van Suid-Afrika nie. Enige poging om vir die verskillende groepe 'n sekere hoeveelheid "mag" in 'n grondwet te probeer verskans, gaan nie 'n "magsewewig" skep nie, maar gaan eerder chroniese groepsbotsings en onderlinge "groephaat" in die "body politic" van die nuwe bestel inbou. Die NP toon met sy dogmatiese aandrang op "groepverskansing" dat hy hoegenaamd nie die paradigma skuif van die ou "verdelende Suid-Afrika" na 'n nuwe "samewerkende" Suid-Afrika kan maak nie. Die NP se model wil die groepbotsings - en die groepsvoordele wat op 'n onverdedigbare wyse in die apartheidstyd verwerf is - legalisties in 'n nuwe Rechtstaat inbou en boonop die nuwe parlement van die vermoë ontneem om regstellende maatreëls te kan tref.



Suid-Afrika verkeer op die oomblik in die eienaardige situasie dat die Establishment as't ware doeltreffendheid, ervaring, kundigheid, ens. verteenwoordig en dit selfs "beliggaam", terwyl hy sy aanspraak op moraliteit en legitimiteit volledig verloor het. Die Establishment beheer nog Kratos omdat hy oor mag, rykdom en doeltreffendheid beskik. Maar die Establishment het om 'n veelheid van redes die vermoë verloor om sy posisie van mag en bevoorregting te regverdig. Hy kan eenvoudig nie meer vir sy Kratos 'n ideologiese rok aantrek wat haar weer mooi en aanvaarbaar sal laat lyk nie. Ten spyte van sy formidabele mag, ervaring en doeltreffendheid, staan die Establishment en sy Kratos naak en ontbloot en dit is geen mooi prentjie nie!

Die Alliansie, daarenteen, hou die sleutel tot die legitimering van die Suid-Afrikaanse bestel. Indien die Alliansie ten minste beheer oor Kratos (in die politieke sin van die woord) kan verkry, sal hy blykbaar in staat wees om vir haar 'n mooi ideologiese rokkie aan te trek. In die demokratiese wêreld waarin ons leef, het die Alliansie die morele argument aan sy kant of ons nou daarvan hou of nie. Sy "morele mag" is geleë in p + p + p ...... + p = 10 miljoen "people". Teenoor die doeltreffende "strukturele mag" van die Establishment, staan die morele "people's power" van die Alliansie.

Maar die blote legitimering van die Suid-Afrikaanse bestel deur 'n ANC-regering, gaan nognie ons probleme oplos nie. Ons moet daarmee rekening hou dat doeltreffendheid, ondervinding en vaardighede so eensydig in die hande van die burokrasie en die korporatiewe sektor is, dat 'n gelegitimeerde regering nie die land na wense sal kan regeer sonder die samewerking van die NP-gesinde burokrasie, die NP-gesinde korporatiewe sektor en die NP-gesinde hoofstroom media nie.

Wat ons in hierdie land nodig het, is nie 'n statutêr of legalisties verskansde formule van magsdeling nie, maar vrywillige samewerking. Wat nodig is, is dat 'n samewerkingsverhouding tussen groepe en partye op die "middelgrond" gevorm sal word en dat die meerderheidsparty (waarskynlik die ANC) ander partye sal uitnooi om in 'n Regering van Nasionale Eenheid en Versoening te dien. As die ANC die NP tot so 'n regering uitnooi, sal die nuwe ANC-regering hopelik daardie samewerking van die burokrasie, die korporatiewe sektor en die media kan kry waarsonder 'n ANC-regering dit moeilik

sal vind om omstandighede te skep wat bevorderlik vir Stabiliteit, Vrede en Voorspoed sal wees.

Indien ons daarin kan slaag om die groepbotsings en die skerp polarisasie tussen die Establishment en die Alliansie (én ander kleiner groepe) met 'n samewerkingsverhouding te vervang en hierdie vrywillige "magsverhouding" vir sê 10 jaar kan handhaaf, sal daar hopelik 'n konstellasie van pluralistiese magspatrone ontwikkel waarin 'n veelheid van redelik onafhanklike "magsblokke" 'n onderling balanserende invloed op mekaar sal kan uitoefen. As 'n eerste stap in die oorgang tot so 'n pluralistiese netwerk van magsblokke, sal sowel die "Compact of Power" en die Alliansie geleidelik ontrafel moet word. Dit beteken dat die baie noue blokvorming tussen die NP-regering, die Burokratiese Staat, die Korporatiewe sektor en die Media (P x P x P x P = $P^4$) sal moet plekmaak vir 'n onderling "mededingende" verhouding tussen hulle. Net so sal die Alliansie tussen die ANC, die SAKP en Cosatu "ontkoppel" moet word.

Kortom, ons moet probeer om MAG in 'n toekomstige Suid-Afrika so wyd tussen 'n veelheid van instansies en organisasies te versprei dat 'n enkele groep nooit weer die ekonomie, of die politiek of die propaganda sal kan oorheers soos wat die Britte die Engelse en die Afrikaners dit in opeenvolgende tydperke gedoen het nie. Indien die ANC die politiek gaan oorheers, moet ons sorg dat ander belangegroepe in die ekonomie sal oorheers, ander groepe die burokrasie, ander groepe die media, ens., ens.

Die NP lê in sy grondwetlike voorstelle groot klem op die "wigte en teenwigte" wat in 'n nuwe grondwet "ingebou" moet word. Dit is egter nodig dat ons aan "wigte en teenwigte" nie in 'n legalistiese sin nie, maar in 'n ruimer sosiaal-ekonomiese sin van die woord sal dink. Ons sal 'n redelik ideale stand van sake oor sê die volgende 10 jaar kan skep, as al die "magsgroepe" en organisatoriese instansies (wat tans deel van die twee "magsblokke" vorm) ontrafel kan word sodat hulle in 'n burgerlike gemeenskap ("civil society") as "onafhanklike" pluralistiese entiteite 'n balanserende effek op mekaar kan uitoefen. Of, anders geformuleer, as die Korporatiewe sektor, die Burokrasie, die Media, Vakbonde, Opposisie partye, die Kerke, professionele organisasies en die nuwe regering (wat hopelik 'n vrywillige koalisie sal wees van die ANC as senior vennoot en die NP as junior vennoot)



## SKEMA II

## 'N "IDEALE" TOEKOMSTIGE STAND VAN SAKE

DEMOKRASIE sal slegs standhoudend wees indien 'n pluralistiese netwerk tot stand kan kom waarin redelik "onafhanklike" belange groepe as balanserende "magsgroepe" (of as "countervailing powers") teenoor mekaar staan om 'n soort "magsbalans" te bewerkstellig.

